# Jesus is my Lig en Verlosser



## Matteus 17:1-8

Lees hierdie week se gedeelte uit die Bybel en vra vir mamma of pappa om jou daarmee te help as jy miskien sukkel.

Ons gaan vandag weer kyk na 'n tema wat in hierdie teksgedeelte voorkom. Ons gaan kyk na "Jesus is my lig" en "Jesus is my verlosser", maar ons gaan fokus op wat dit beteken wanneer ons sê "Jesus het my verlos".



Kom ons kyk eers vining na "Jesus is my lig". In Johannes 8:12 lees ons die volgende:

*"Op 'n ander keer het Jesus vir die mense gesê: "Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."*

## Kom ons kyk nou na "Jesus is my verlosser":

### Wat is verlossing?

'n Eenvoudige beskrywing van verlossing is om gered te word van gevaar. Vir ons beteken dit om gered te word, of om bevry te word, van sonde en die gevolge daarvan.

### Hoe het Jesus ons verlos?


Jesus het ons verlos van ons sonde en die gevolge daarvan toe Hy gekruisig is. Aan die kruis is ons vir ewig vergewe vir ons sonde en ons, as mense, hoef nie meer die nagevolge van daardie sonde te dra nie. Op hierdie manier is ons deur Jesus verlos. Daarom praat ons van "Jesus is my verlosser". Maar, onthou, dit beteken nie ons kan sonde doen wanneer ons wil nie. Ons moet probeer om nie meer te sondig nie en te leef soos God wil hê ons moet leef.



### Hoe kan ons daardie verlossing kry?

Ons is het dit klaar gekry, ons is klaar gered, al wat ons hoef te doen is om lief te wees vir Jesus en Hom te aanvaar as ons enigste God.

Ons almal het 'n tweede kans gekry toe Jesus aan die kruis gesterf het. Ons is ten volle vergewe vir alles wat ons verkeerd gedoen het en nog gaan doen. Gebruik hierdie tweede kans baie goed om seker te maak dat jy vir Jesus leef en Hom altyd eer in alles wat jy doen. Wys vir Hom dat jy vir Hom lief is in alles wat jy aanpak en doen in jou lewe.



paint the world SUPER COLORING